

Onderzoek verdamping, kondensasie, bevriësing en smelting deur water en ys te gebruik.

Jy benodig: 'n piering; blokke ys; beker of glas; warm water; klein kastrolletjie of ander hittebestande houër; glasplaat of kleefplatiek.

Metode

1a. Sit die ysblokkies in die piering en neem hulle waar.

b. Is die ys 'n vaste stof of 'n vloeistof?

Vastestof

c. Raak aan die ys. Voel dit warm of koud?

Die ys voel koud.

2. Sit die ysblokkies in die beker.

3a. Gooi warm water in die kastrol. Plaas die beker met ysblokkies in die warm water.

b. Wat gebeur met die ysblokkies?

Die ysblokkies begin smelt.

c. Waarom gebeur dit?

Die ys smelt as gevolg van die hitte.

4a. Haal die beker uit die kastrol. Verhit die water totdat dit kook.

b. Wat neem jy bo die kokende water waar?

Daar vorm stoom/waterdamp bo die kokende water

c. Verduidelik die waarneming.

Die water/vloeistof word verhit en verander in stoom/waterdamp wat 'n gas is.